DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 22/2026 – 26 Augustus 2026






**Liewe Menlo**

Die praktiese assessering (voorbereidende eksamen) van die graad 12-leerders wat kuns neem, is afgehandel.

Verkneukel uself gerus in die genot wat die leerders se talent verskaf.





"Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;
maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie. Maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JOHANNES 4: 13—14**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Kommunikasie met personeel

Ouers is welkom om onderwysers enige tyd per e-pos te kontak.
Maak gerus van die *Communicate with Staff*-funksie op Ed-admin gebruik.

## Menlo-kalender

Die skool se kalender is op Ed-admin en die webblad beskikbaar.

- Ed-admin fokus op akademie (stel u kalender op Day of week).
- Die webblad fokus op sport– en kultuurgebeure.

Ouers het die opsie om op die kalender in te teken. Die skoolkalender is in verskillende skakels verdeel. Ouers teken slegs op die kalender in wat op hulle kinders van toepassing is. Indien die kalender verander, sal die kalenders op Ed-admin, die webblad en ouers se fone outomaties opgedateer word.

**Intekenskakels**

- Volg die QR-kode.
- Die skakels is ook via Ed-admin met ouers gedeel (Notifications).

## Ed-admin

Kode: 599649.
Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

## Gratis studiekursus

'n Gratis studiekursus word elke Maandag vir die volgende agt weke aangebied.

**Tyd:** 14:15—15:00

**Lokaal:** F102

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

**Aanlyn fotobestellings**

Miracles Photography is gereed om fotobestellings te ontvang van leerders wat nuut in die skool is of leerders wat tydens die vorige fotosessie afwesig was. Vir ouers se gerief word bestellings aanlyn geplaas. Volg gerus die skakel om die Menlo-album te besigtig.
**Wagwoord: Menlo2026**

**Toegang tot die fotolyste**
1. Volg die **skakel** om die galery oop te maak.

2. Klik op u kind se klasfoto.

3. Voltooi u e-posadres.

4. Plak die wagwoord in die toepaslike spasie.

5. Klik op *Open*.

**Bestellings**
1. Blaai deur die fotogroepe en klik op die ♥ op die foto wat u wil bestel.
2. Klik op die inkopiemandjie-ikoon in die boonste hoek, aan die regterkant van die bladsy.
3. Maak 'n keuse uit die volgende opsies: digitale foto's, gedrukte foto's, sleutel-houers, muismatjies en yskasmagnete.

**Betaling**
1. Klik op die kredietkaartsimbool (regs bo).
2. Verskaf u e-posadres, die kind se naam en kredietkaartbesonderhede om die betaling af te handel.
3. Daar is twee betaalstelsels: Yoco en Payfast. As die een nie werk nie, probeer asseblief die ander.

**Aflewering**
1. Die bestelling van digitale foto's sal in u e-posbus afgelewer word. Hou gerus u gemorsposvouer dop.
2. Gedrukte bestellings sal by die skool afgelewer word.
3. Sluitingsdatum vir eerste bestellings: Vrydag 4 September 2026.
4. Sluitingsdatum vir finale bestelling: Woensdag 30 September 2026.
5. Digitale foto's sal na die sluitingsdatum steeds aanlyn beskikbaar wees.

**Navrae**

Karen van Miracles Photography

karen@miraclesphoto.co.za / 082 899 0358

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

### Selfoonsluitkassies

Daar is sluitkassies vir selfone beskikbaar.
Die koste beloop R300 vir die res van die jaar.
Navrae: nicolene.vaneyk@menlopark.co.za

Volg die **skakel** vir die nuutste sportuitslae.

### Menlo-ouers wat bid

| | |
|---|---|
| Menlo-ma's | Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer. Kontak 082 579 4968. |
| Menlo-pa's | Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak 082 457 6526. |

## Afrikaans 101: Het jy geweet?

**Uile na Athene bring**
*Onnodige werk te verrig*

In die antieke Griekse stad, Athene, was die uil die simbool van Athena, die godin van wysheid. Die uil het selfs op al hul munte verskyn. Dit was dus heeltemal onnodig om uile na Athene te bring.
(Bron: Viva Taalwenk )



## Menlo-brokkie uit die verlede

Die skool se eerste kermis is in 1965 gehou en volkspele was 'n populêre item!

Kan enigiemand raai waar hierdie foto geneem is? **Stuur jou naam, van, klas en raaiskoot na menlo-bond@menlopark.co.za.**

# AKADEMIE

## AKADEMIESE VERRYKINGSAAND



Gawie de Kock, gesoute sakeman, het die Parkies op 20 Augustus tydens die akademiese verrykingsaand in die ouditorium toegespreek. Hy het sy uitgebreide ervaring en kennis met die leerders gedeel en hulle aangemoedig om verder as akademiese prestasie na hul toekomstige loopbane en loopbaanmoontlikhede te kyk.

Die aand is afgesluit met 'n vraag-en-antwoordsessie waaraan die leerders met entoesiasme deelgeneem het. Onderwerpe het gewissel van die waarde van 'n oorbruggingsjaar en die keuse van 'n studierigting, tot die waarde van ambagsopleiding teenoor tradisionele universiteitstudie.

Die insiggewende gesprek het gewys dat Menloparkers nie net belangstel in wat hulle na skool gaan doen nie, maar ook in die redes waarom hulle sekere keuses behoort te maak.

Die aand het 'n waardevolle boodskap beklemtoon: Ware voorbereiding vir die toekoms begin wanneer jongmense leer om ingeligte, verantwoordelike en doelgerigte keuses te maak.

Baie dankie aan Milan Visser en Rynhardt Buys van die Parkieraad se akademiese komitee vir hulle aandeel aan die sukses van die aand. Menlo maak gou weer so.

## GRAAD 10-LEWENSWETENSKAPPE: WATER IS LEWE!

Die graad 10 LW-leerders het vandeesweek 'n voorsmakie gekry van wat dit behels om 'n wetenskaplike navorser te wees. Daar is eers ondersoek of die pH van water die beweging in die xileemvate beïnvloed en daarna is 'n volledige wetenskaplike verslag geskryf — net soos wat dit in 'n wetenskaplike tydskrif sal verskyn. Die pH van water kan in die landbou beïnvloed word deur faktore soos kunsmis en afvalstowwe wat in water beland en kan dus die boer se gewasse en oesopbrengs beïnvloed.



# LEIERSKAP

## MATRIEKRAADKAMP: GEREED EN GERAT VIR 2027

Met harte wat van entoesiasme oorloop, sakke vol planne en breë glimlagte het die nuwe Matriekraad verlede naweek na die Kwalata-avontuurkamp in Dinokeng vertrek om die 2027-termyn haarfyn te beplan.

Opleiding, beplanning en geesdrif is die sleutels tot sukses en na dese het die Matriekraad die nodige gereedskap in hulle gereedskapskis om ’n sukses van hulle ampstermyn te maak. Baie dankie aan mnr. Hein Brits en me. Santa Maritz wat aan die stuur van opleidingsessies gestaan het.

Te oordeel aan die foto’s is Menlo in entoesiastiese hande en die skool sien saam met die Matriekraad daarna uit om die planne wat tydens die kamp gemaak is, uit te voer. Voorspoed!

Die skool staan agter julle.














# GEES

## GRAAD 10-BAL: WELKOM BY DIE KARNAVAL




Die graad 10's het hulle sterre verlede naweek behoorlik by die graad 10-bal laat skyn. Skitterend. Helder. Glansryk. Die towenaars (ook bekend as graad 10-ouers) het saamgespan om Menlo van statig na skitterend te transformeer sodat die graad 10's die aand in styl kon geniet. Skoolrokke het plek vir skemerkelktabberds gemaak, skoolhemde is vir swierige pakke verruil en van die 9's het hulle skooltasse met skinkborde vervang.

Baie dankie aan elke ouer wat tot die sukses van hierdie gesellige geleentheid bygedra het – van liggies hang en meubels skuif tot koeldrank skink, hekdiens doen en opruim – én aan me. Anneke Labuschagne, mnr. Andrew Mc Geer en die graad 10-voogde vir hulle betrokkenheid.

Tien uit tien is die enigste manier om die bal en die graad 10's se optrede te beskryf: joviaal, ongelooflik, lewenslustig, indrukwekkend en gesellig.

Te oordeel aan die heerlike happies, pragtige uitrustings en die grootte van die graad 10's se glimlagte het die graadneges van 2026 baie om in 2027 na uit te sien!



# SPORT

## KRIEKET

**Menlopark 5de XI teen Garsfontein 5de XI**

| | |
|---|---|
| Garsfontein | 127/8 |
| Menlo | 125/7 |

Garsfontein wen met 2 lopies.

**Menlopark 6de XI teen Sutherland 3de XI**

| | |
|---|---|
| Sutherland | 109/9 (Ruan Nieman 5/8) |
| Menlo | 110/0 (Tobie Loots 67) |

Menlo wen met 10 paaltjies.

**Menlopark o. 15 C teen Zwartkop o. 15 B**

| | |
|---|---|
| Menlo | 173/5 (CW Frohlich 93) |
| Zwartkop | 150 almal uit (Zander Heyl 3/39) |

Menlo wen met 23 lopies.

**Menlopark 1ste XI teen Waterkloof 1ste XI**

| | |
|---|---|
| Menlo | 252/9 (Heinrich Claassen 53, Monré Koekemoer 41) |
| Waterkloof | 256/5 |

Waterkloof wen met 5 paaltjies.

**Menlopark junior XI-tal teen Midstream 3de XI**

| | |
|---|---|
| Midstream | 269/8 (Wilrich Richter 3/35) |
| Menlo | 228 almal uit (Reinhardt Spamers 77) |

Midstream wen met 41 lopies.

**Menlopark 3de XI teen Montana 2de XI**

| | |
|---|---|
| Montana | 224 almal uit (Juan Joubert 3/43) |
| Menlo | 166 almal uit |

Montana wen met 58 lopies.

**Menlopark o. 14 A teen Waterkloof o. 14 A**

| | |
|---|---|
| Menlo | 210 almal uit (Connor Moat 82, Kayven Hills 63) |
| Waterkloof | 180 almal uit (Kyle Snyman 3/26) |

Menlo wen met 30 lopies.

**Menlopark o. 15 A teen Waterkloof o. 15 A**

| | |
|---|---|
| Menlo | 266 almal uit (LJ Jv Rensburg 87, Dandries Verster 56) |
| Waterkloof | 237/7 |

Menlo wen met 29 lopies.

**Menlopark o. 15 B teen Waterkloof o. 15 B**

| | |
|---|---|
| Waterkloof | 151/7 |
| Menlo | 154/2 (Reinhardt Spamers 94*) |

Menlo wen met 8 paaltjies.









# SPORT

## MENLO IS *ABSOLUT* KONING VAN DIE BAAN

**UITSLAG: ABSOLUT MENLO-TOERNOOI**

Die Absolut Menlo-tennistoernooi kondig al vir die afgelope negentien jaar die koms van die lente op Menlo-bodem aan en 2026 was geen uitsondering nie. Menlo se eie toernooi is oudergewoonte by Groenkloof se bane aangebied.

In die verbyry, kon die toernooi by Groenkloof, waar 32 spanne van reg oor Suid-Afrika in aksie was, maklik met die aksie op Flushing Meadows verwar word: Talentvolle spelers met 'n magasyn vol troefkaarte het toeskouers na hulle asems laat snak terwyl tellings met skrefiesoë gevolg is. Gepraat van die toeskouers... Die graadelfs het hulle soos wafferse Wimbledon-koninklikes gedra, terwyl die talent van die fikse spelers bewonder is.

Baie geluk aan Menlo se voorslagspelers wat deurgaans puik spel opgedis het en die besoekers met Menlo-gasvryheid verwelkom het.

Me. Elné Coertzen en haar span verdien 'n pluimpie vir die puik reëlings. Die Insig sal nie verbaas wees as hierdie gedugte span gevra word om by die beplanning van die volgende Wimbledon-toernooi betrokke te raak nie.

**Seuns 2de**

Joshua Smit, Kelly Mostert, Markus de Jager, Ruben Lourens & Drihan de Klerk.

**Dogters 4de**

Nina Jansen van Vuuren, Nelia Theron, Melissa Meyer, Mika Keet & Danika Geyser.

**UITSLAG: MARILIE MOOLMAN-TOERNOOI (CRADOCK)**

Met skaars veertig duisend inwoners het Cradock onlangs uit sy nate gebars toe tennisspelers van reg oor die land gearriveer het om aan die Marilie Moolman-Toernooi deel te neem. Sportgeesdriftiges sal Marilie se naam nie op ranglyste raakloop nie en mag dalk wonder waarom daar 'n toernooi na haar vernoem is. Marilie, 'n Cradocker in murg en been, het op 'n jong ouderdom in 'n fratsongeluk gesterf. Sy was 'n uithalerstudent en 'n kranige sportvrou; die Marilie Moolman-Toernooi vind sedert 2001 as 'n viering van haar lewe plaas.

Vandag is die toernooi sinoniem met gedugte mededinging. Daarby staan die dorp bankvas agter die plaaslike skool en sorg wedstryde teen Hoërskool Cradock altyd vir 'n behoorlike oproer.

Afgesien van die wennerstrofee is daar ook 'n trofee vir die speler wat Marilie se karaktereienskappe op 'n uitsonderlike manier by die toernooi uitleef. Menlo se eie Joshua Smit en Pheladi Maji is vanjaar vir hierdie toekenning benoem. Hartlik geluk!

**Dogters 3de**

Melissa Meyer, Danika Geyser, Milan Minnaar, Pheladi Maji, Lisa Botha, Lemé Beyers & Carmen Nel.

**Seuns 4de**

Joshua Smit, Ruben Lourens, Drihan de Klerk, Ulrick Jacobsen, Ethan Oosthuizen, Dorian de Jong & Reuben Spies.

Joshua stap *absolut* onoorwonne by die toernooi weg en ontvang die trofee vir Speler van die Toernooi.












# SPORT

## LANDLOOP

Noord van die Vaal is daar slegs 'n handjievol landloopatlete wat vinniger as die Parkies kan hardloop. Menlo se atlete het gewys dat verskeie landspoedrekords binnekort in die slag mag bly én dat hulle slaggereed vir enige landloopuitdaging is.

**UITSLAE**

| | |
|---|---|
| Junior seuns | 4de |
| Individuele prestasie | Leon Stoltz (silwer medalje; 6 km) |

**PARKIES OP PAD NA SA'S**

Die volgende atlete het gekwalifiseer om Gauteng-Noord op 5 September by ASA se landloopkampioenskap te verteenwoordig:



| Tommie Cronje O. 15 | Bianca Stoltz O. 17 | Leo Wybenga O. 14 | Anneke Steynberg O. 16 | Waldo Meadon O. 16 | Jané Sieberhagen O. 14 | Leon Stoltz O. 18 |
|---|---|---|---|---|---|---|

## PROVINSIALE MENLO-GHOLFSPELERS



Baie geluk aan die spelers wat Gauteng-Noord-kleure verwerf het.

Hendré de Klerk & Morné Heymans



# MENLOVARIA

Die Hoërskool Menlopark — Excelsa Petamus

**Ons kultuur. Ons talent. Ons trots.**

## Maandag 24 Augustus

Koekbak
Drama
Skryfkuns
Foto's

Restaurant
Blou Teater
A1
A103

## Dinsdag 25 Augustus

Drama
Grimering

Blou Teater
Menloplein

## Woensdag 26 Augustus

Ligte musiek
Klassieke musiek

Ouditorium
Musieklokaal

## Donderdag 27 Augustus

Bands
Klassieke musiek
Dans

Amfiteater
Musieklokaal
Saal

## Vrydag 28 Augustus

Rokkies
Duitse Huisies
Harevleg
Kuns
Potjiekos

Amfiteater
Menloplein (pouse)
Menloplein
Voor die snoepie
Matriekplein en Menloplein

## INSKRYWINGS EN BETALING BY E103


**Navrae: me. Vorster, A105**

# PARKIE ENTREPRENEURS













# MARKPLEIN


INTERNATIONAL HOTEL SCHOOL
Sluit aan
By meer as 30 000 suksesvol aangestelde gegradueerdes
Studeer gasvryheidsbestuur, kulinêre kuns of kruisvaartdienste.
Voltydse, deeltydse of aanlyn graad-, diploma- en hoër sertifikaatprogramme beskikbaar.
Opedag
BESPREEK NOU
SKANDEER NOU
Gradueer werkgereed; ons programme bied ongeëwenaarde praktiese werkservaring.
30 YEARS
Meer as 30 jaar gevestig, wat jou die beste reputasievoorsprong bied.
Ons bied nasionaal geregistreerde en internasionaal erkende kwalifikasies aan.
www.hotelschool.co.za
Benoni | Kaapstad | Durban | Gqeberha | Johannesburg | Pretoria | Wesrand


D.O.E.
DRIVERS ON EDUCATION
EDUCATE. TRAIN. DRIVE. THE D.O.E. WAY!
PROFESSIONAL INSTRUCTORS
PICKUP & DROP-OFF
K53 METHOD TRAINING
SAFE, RELIABLE & AFFORDABLE
OUR PRICES
LEARNER'S LICENCE PACKAGE Online Learner's Portal, booking & confirmation, pickup & drop-off R1,500
CODE B DRIVING LESSON (2 HOURS) R700
CODE B PACKAGE (10 HOURS) R3,250 SAVE R250
CODE EB DRIVING LESSON (2 HOURS) R800
CODE EB PACKAGE (10 HOURS) R3,750 SAVE R250
BOOKING FEE (NATIS / TEST BOOKING) R1,028
CODE B TEST DAY R1,400
CODE EB TEST DAY R1,500
GOING EXTRA
Going with instructor on your 2-hour lesson (OUT-OF-AREA TRAVEL) + R500
R500 ADDED PER 2-HOUR LESSON
or +R500 on any 10-hour package
AUGUST SPECIAL
15% OFF
ON FULL PACKAGES!
Take your full Learner's Package or Full Driver's Package through D.O.E. and get 15% OFF!
OFFER VALID: 1 – 31 AUGUST 2025
PACKAGE DEALS
FULL CODE B DRIVER'S PACKAGE
10 Hours Driving Lessons
Booking Fee
Code B Test Day
NORMAL PRICE R5,678
15% OFF -R851.70
AUGUST PRICE R4,826
FULL CODE B LEARNER'S + DRIVER'S PACKAGE
Learner's Licence Package
10 Hours Driving Lessons
Booking Fee
Code B Test Day
NORMAL PRICE R7,178
15% OFF -R1,076.70
AUGUST PRICE R6,101
FULL CODE EB DRIVER'S PACKAGE
10 Hours Driving Lessons
Booking Fee
Code EB Test Day
NORMAL PRICE R6,278
15% OFF -R941.70
AUGUST PRICE R5,336
FULL CODE EB LEARNER'S + DRIVER'S PACKAGE
Learner's Licence Package
10 Hours Driving Lessons
Booking Fee
Code EB Test Day
NORMAL PRICE R7,778
15% OFF -R1,166.70
AUGUST PRICE R6,611
*Packages exclude fuel & any additional hours.
REFER & EARN!
YOU & YOUR REFERRAL BOTH GET R300 OFF!
EARN R300 CREDIT FOR EACH SUCCESSFUL REFERRAL!
AFTER 5 SUCCESSFUL REFERRALS, YOU GET A FREE TEST DAY!
BOOK YOUR JOURNEY TODAY!
072 916 7548


NORTHERN NOORDELIKE
Clivia Club/Klub
SPRING
CLIVIA SHOW
5 & 6 SEPTEMBER
2026
Safari Garden Centre
Lynnwood Rd
Pretoria East
Entry Fee R30
per adult


evening
WARDROBE
Your matric farewell dress
is waiting right across the street
Evening Wardrobe has one-of-a-kind matric
farewell gowns ready for you to fit, fall in love with,
and make unforgettable memories in.
Book your appointment today
WWW.BRIDALWARDROBE.CO.ZA
IG: @EVENING_WARDROBE


Spesiale aanbieding vir Menloparkers
ń Gratis inleidende les by die Menlo-musiek-akademie is ingesluit by die aankoop van enige pakket
Akoestiese Kitaar Pakket
Yamaha F-310 Kitaar,
met sak en Kitaarstemmer
R3499
Klassieke Kitaar Pakket
R2899
Yamaha C40 Kitaar,
met sak en Kitaarstemmer
R10 690
Alesis Nitro Max
tromstel met Mapex
T400 Stoeltjie,
oorfone en stokkies
Elektroniese Tromstel Pakket 2
Sonata Volgrootte Tjello
R6490
Sonata Trompet in Tas
R2999
Sonata Alto Saksofoon
in Tas
R9999
Stentor 1 Volgrootte
Viool met Tas en
Strykstok
R2790
Alesis Turbo Mesh tromstel
met Mapex T400 stoeltjie,
oorfone en stokkies
R8199
Elektroniese Tromstel Pakket 1
Oosthaven's
MUSIC · SINCE 1978
MONTANA
Shop 10C,
Zambezi Junction,
Montana Park,
Pretoria, 0159
MENLYN
Shop B16
Menlyn Retail Park,
Garsfontein Rd, Newlands,
Pretoria, 0049


Photoshoot
VENUE HIRE
Rodene House offers timeless architecture, elegant interiors, and
charming outdoor spaces that create the perfect setting for
photoshoots
FAMILY | MATERNITY | LIFESTYLE | MATRIC FAREWELL
RODENE HOUSE
109 RODENE ROAD, LYNNRODENE, PRETORIA
LYNNWOOD MANOR
admin@rodenehouse.co.za
082 378 2884


WAAR DIE GEMEENSKAP BLOM!
Lynnwood
Lentefees
'n Fees vir die hele familie!
VRYDAG
4 SEPTEMBER
13:00 - 19:00
NG LYNNWOOD
GEMEENTE
SUSSEXLAAN 439, LYNNWOOD
HEERLIKE
KOS
OP-EN-WAKKER
MUSIEK
PRET VIR DIE
KINDERS
KOFFIE, KOEK
& KUIER
TUISGEBAK
BRAAIVLEIS
LENTE, LEKKER KOS, MOOI MUSIEK,
VRIENDE EN FAMILIE!

DELTA
landscaping services

**CONTACT**
+27 76 034 6220
info@deltalandscaping.co.za








# ADOPT-A-SPOT

Delta Landscaping Services is trots daarop om openbare ruimtes te onderhou en te verbeter deur die Stad Tshwane se ***Adopt-a-Spot*-inisiatief.**

Ons werk daaraan om skoon, veilige en netjiese omgewings vir almal te skep, van parke en sypaadjies tot die tuine langs Atterburyweg.

**Jy kan saam met ons werk om 'n nóg groter impak te maak.**

Kontak ons gerus vir ondersteuning, skenkings, vennootskappe of professionele landskapdienste vir u huis of kantoor by:

**WILLIAM.GILLATT@DELTABEC.COM**

*Skep groener ruimtes. Bou sterker gemeenskappe.*

**Baie dankie aan ons huidige vennote!**

VdB
- VEZI · de BEER inc. -

FOUNDATION
PRETORIA COUNTRY CLUB
*since 1910*

CONCORDIA
APTEEK + PHARMACY

RN Inc
ROELF NEL INCORPORATED
*Infrastructure Project Attorneys*

www.deltalandscaping.co.za
Menlo Park, Pretoria

SALI